Beginsels vir geestelike oorlogvoering

Hierdie is oorgeneem uit die boek*"Geestelike Oorlogvoering* deur Bennie Mostert, (CUM, 1998). Vir meer inligting oor die onderwerp van geestelike oorlogvoering stel ek voor dat u die boek bekom meer daaroor lees. Die beginsels wat hier genoem word sal vir jou 'n basiese begrip vir die saak van geestelike oorlogvoering gee en jou hopelik stimuleer om 'n dieper studie van die onderwerp te maak en die belangrikheid daarvan te verstaan.

Beginsel 1: Die belangrikste waarheid wat die gelowige moet ken en kan hanteer, is die *gesagsposisie of troonposisie*. Onkunde hieroor maak die gelowige geestelik magteloos. Die Christen moet weet wie hy in Christus is en dat hy in Christus gesag het oor alle bose magte **(Ef.1:19-22 en Ef.2:6).**

Beginsel 2: Die Christen moet weet van die *sleutelmag* wat God aan ons gegee het en moet weet hoe ons dit elke dag en in elke situasie waar dit nodig is, te gebruik. **Vanuit ons gesagsposisie** moet ons die werke van die Satan bind en hulle wat deur die Satan gebind word, in Jesus se Naam ontbind.

Beginsel 3: Ons *moenie* die duiwel en sy demone *vrees* nie. Ons moet hom *weerstaan* **(Jak.4:7)** en hom bestraf waar nodig. Moenie onnodig aandag gee aan die magte van die Bose nie, maar daar waar ons hulle sien werk, moet ons hulle weerstaan en bestraf.

Beginsel 4: Ons moet die *volle wapenrusting* van God aantrek sodat ons staande kan bly teen die aanvalle van die Bose **(Ef.6:10-18).** Elke stukkie van hierdie wapenrusting is belangrik. Daarsonder kan ons nie staande bly nie.

Beginsel 5: Ons moet ons *vyand* ken, ons moet weet wie hy is, wat hy kan doen, hoe hy werk en wanneer hy werk. Baie dikwels word die regte vyand nooit geïdentifiseer nie en kan hy daarom ook nie effektief beveg word nie.

Beginsel 6: *Die kruis* van Jesus staan sentraal in die hele stryd teen die Bose, want dit is aan die kruis waar die Satan oorwin is. Maar meer nog, die Christen moet gekruisig wees, dood vir die self, anders sal hy nie staande kan bly teen die listige aanvalle van die Bose nie.

Beginsel 7: Ons moet die *Woord van God ken.* **Matteus 22:29** sê dat ons dwaal omdat ons nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie. Baie Christene bly geestelik oneffektief en deel nie in die lewe van oorwinning nie, omdat hulle nie die Woord van God ken nie. Dit het tot gevolg dat hulle nie die waarheid ken nie en die duiwel hulle maklik kan mislei.

Beginsel 8: *Toets die wapens in die geveg.* Wanneer ons in 'n geveg met die Bose betrokke is, het ons nie altyd dieselfde wapens nodig nie. Soms het ons Efesiërs 6:13-17 nodig, soms Openbaring 12:11, soms die bloed van Jesus Christus, ander kere weer Johannes 15 en ander kere Romeine 6 of Romeine 8:37. Afhangende van die situasie, het ons verskillende"wapens" nodig. Dikwels is dit nie genoeg om die Satan net te bind en te weerstaan nie; daar kan onbelyde sonde wees, dit kan 'n aanval op die ou natuur wees, dit kan leuens oor ons verhouding met Jesus wees. Dus is daar telkens ander wapens nodig.

Beginsel 9: Iemand het gesê dat 97 persent van geestelike oorlogvoering *wag op die Here is.* Vir ons as mense wat graag dinge wil sien gebeur, is dit moeilik om op die Here te wag. Oorhaastigheid is dikwels die begin van geestelike neerlaag en mislukking.

Beginsel 10: *Dit is God se geveg.* Jy as Christen is 'n medestryder, maar onthou dit is God se geveg. Dit is God wat bepaal waar, teen wie en wanneer daar geveg moet word. In die finale instansie is dit God en sy engele wat veg. Ons veg saam met God, nie God saam met ons nie. Hy is die Here, Hy weet wat Hy doen, daarom moet ons Hom vertrou en nie vir Hom probeer voorskryf wat Hy moet doen nie.

Beginsel 11: Gebruik *die bloed* van Jesus in die stryd teen die Bose. Die bloed is van die uiterste belang. Die bloed moet gebruik word vir reiniging, versoening, beskerming en

regverdigmaking. Die Bybel is duidelik daaroor dat die Satan deur die bloed van die Lam oorwin moet word (Op.12:11).

Beginsel 12: Behou ‘n *rein* hart. Sonder ‘n rein hart is ‘n gelowige grootliks oneffektief in sy stryd teen die Bose. Sorg dat alle bewuste onbelyde sonde bely is en dat jy sover moontlik volledig restitusie doen oor jou verlede. Met ‘n rein hart het die Satan geen houvas op die kind van God nie.

Beginsel 13: Toets alle dinge. Die Woord sê duidelik dat ons alle dinge moet toets, veral alle bonatuurlike gebeure. Toets aan die vrug. 1 Johannes 4:1 sê dat ons alle geeste moet toets.

Beginsel 14: Die wil van God is van kardinale belang in geestelike oorlogvoering. Dit is ook alleen wanneer ons binne die wil van God beweeg dat ons werklik op sy beskerming kan staatmaak. Dit is nie belangrik wat jy dink moet gebeur nie, maar wat God se plan en wil is. God verleen geen beskerming aan ons eie planne nie. Ek kan met my wil kies of ek God wil dien of nie, of ek aan Hom gehoorsaam gaan wees of nie. Na dié mate wat ek kies vir die wil van God, kan God my as medewerker in sy koninkryk gebruik.

Beginsel 15: *Veg vanuit die oorwinning.* In Jesus Christus het ons reeds die oorwinning; ons hoef nie nog eers die oorwinning te behaal nie. Ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons krag gee. Die Satan sal alles in sy vermoë doen sodat jy hierdie Goddelike waarheid nie sal glo of raaksien nie. Proklameer hierdie oorwinning en moenie probeer opklim tot in die oorwinning nie.

Beginsel 16: *Gehoorsaamheid aan God* is onontbeerlik as jy enigsins ‘n lewe van oorwinning wil voer en staande wil bly in die stryd teen die Bose. Niks kan gehoorsaamheid vervang nie - nie opoffering of goeie werke of wat ook al nie. Jesus is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Hy moet sonder teëspraak, opstand, ongeloof of twyfel gevolg word. In ‘n sekere sin kan ons die boodskap van die Bybel saamvat as die eis van God aan die mens om gehoorsaam te wees aan die wil van God die Vader.

Beginsel 17: Ons moet ons denke/rede beskerm. Naas die emosies van die mens, konsentreer die Bose veral ook op die denke van die mens. Daarom moet die Christen sy denke ("mind") beskerm. Die duiwel kom met allerhande redenasies en planne na ons. Gedagtes kan basies van drie plekke af kom:

a) uit die mens self,
b) van Satan of
c) van God. 2 Korintiërs 10:5-6 sê dat ons elke gedagte gevange moet neem en dit aan Christus gehoorsaam moet maak. Elke gedagte wat nie van God af kom nie, moet ons weerstaan. Ons moet bid vir onderskeidingsvermoë en ook ons denke onder die bloed van Jesus hou.

Beginsel 18: Ons moet *offensief optree* en nie net defensief nie. Ons moet tot die aanval oorgaan en die sterkman se goed van hom afneem sodat dit onder beheer van die koninkryk van God kan kom. Een van die belangrikste beginsels in oorlogvoering is om nie net aanhoudend te verdedig nie, maar tot die aanval oor te gaan; om die inisiatief te neem en die geveg te dikteer. Geen oorlog word met ‘n defensiewe gesindheid gewen nie.

Beginsel 19: Engele speel ‘n baie belangrike rol in die stryd teen die Bose. Telkens in die Bybel word ons aandag gevestig op die werkinge van die engele (2 Kon.6:16-17; Heb.1:14; Dan.6:22; Hand.12:8-11;Ps.91:11-12). Ons moet weet dat daar engele is wat ons help en ons kan ook bid dat die Vader sy engele sal stuur om ons te beskerm en te bewaar. Ons kan en mag egter nooit tot die engele bid nie. Ons moet ook nie van ons kant af met hulle probeer kontak maak nie.

Beginsel 20: Kry *medegelowiges* om saam met jou te staan in die stryd teen die Bose. Skakel in by ‘n gebedsgroep, of bou vir jou ‘n gebedsgroep op wat saam met jou geestelike oorlogvoering kan toepas. Daar is groter krag in gesamentlike gebed. Dit is ook goed om broers en susters te hê wat jou hande kan vat wanneer jy begin moedeloos en moeg voel en

wanneer die stryd hewig en die weerstand groot is.

Beginsel 21: *Konsentrasie van magte* is ‘n uiters belangrike beginsel by oorlogvoering. Ons moet ons kragte konsentreer en ons aanvalle toespits op die mees strategiese punte. Bid tot God dat Hy deur die Heilige Gees vir jou die mees strategiese persone en vestings van die Bose sal uitwys en konsentreer jou geestelike offensief daarop. Kry ander gelowiges (individuele voorbidders en gebedsgroepe) om saam met jou te werk en deur gebed en geestelike oorlogvoering te konsentreer op daardie spesifieke terreine wat in die geestelike sfeer die belangrikste is. (‘n Groot deel van geestelike leiers se krag lê in getroue medewerkers, medestryders.)

Beginsel 22: Dit is van die uiterste belang dat wanneer daar ‘n oorwinning in die geestelike sfeer behaal is, ons nie moet verslap nie. Nee, ons moet volhard, oftewel die *beginsel van agtervolging toepas.* Ons is geneig om te verslap die oomblik wanneer daar ‘n deurbraak vir Christus behaal is. Dit is altyd gevaarlik, want dit is die tyd wanneer ‘n teenaanval van die vyand gewoonlik baie effektief is. Ons moet die vyand (die Bose) agtervolg, totdat alle teenstand uitgewis en in volkome oorwinning behaal is. Die geveg tussen Gideon en die Midianiete (Rigters 7 en 8) illustreer hierdie beginsel baie goed.

Beginsel 23: ‘n Volgende beginsel is dié van *kommunikasie*. Baie oorloë in die geskiedenis sal verloor omdat die kommunikasie tussen die generaal en die troepe op die grond skipbreuk gely het. Die Christen moet in kontak met sy Opperbevelhebber, Jesus Christus, wees. Enige sonde of ongehoorsaamheid verhinder hierdie kommunikasie tussen God en mens. As ons nie kan hoor wat God sê nie, weet ons ook nie wat sy wil is nie en kan ons ook nie effektief optree nie. Sondebelydenis is die enigste manier waarop kommunikasie herstel kan word.

Beginsel 24: ‘n Ander beginsel van geestelike oorlogvoering is *samewerking.* Satan sal alles in sy vermoë doen om verdeeldheid en onenigheid tussen Christene te bewerk. Howard Guinness sê die volgende in sy boek **Total Christian War:**”Gemeenskap is die sleutel van hierdie geloof, só in diepe gemeenskap met God, deur Christus, dat dit onafwendbaar tot innige samehorigheid met sy ander kinders lei. Herlewing in die Christelike kerk sal sonder twyfel slegs kom wanneer toegewyde Christene gedissiplineerd en skeppend met mekaar omgaan. So ‘n eenheid van gelowiges in Christus is God se sterkste wapen in die evangelisering van die wêreld **(1 Joh.1:5-7; Joh.17:22-23).** Die geïsoleerde Christen is ‘n ongerymdheid."

Beginsel 25: Sonder persoonlike *veiligheid en beskerming kan* ons nie by geestelike oorlogvoering betrokke raak nie. Clauswitz het gesê:”Die kuns van verskansing help nie die verdediger om homself beter te verskans nie, maar wel om die vyand met groter sukses aan te val." Dit is ‘n groot waarheid en jy moet dit nie geringskat nie. Dit is nie verniet dat **Efesiërs 6:10** sê dat ons kragtig in die Here moet word en in die krag van sy sterkte, sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel nie. Hierdie vers beteken onder andere dat ons ons met die Here moet beklee. In Hom is ons veilig. Die Christen moet van sy wapenrusting en wapens gebruik maak om homself buite bereik van die vyand te stel.

Beginsel 26: Iemand het gesê: ”If you aim at nothing, you will hit it every time." Geestelik is dit ook waar. Ons moet weet waarheen ons op pad is, ons moet *‘n doel hê.* In hierdie geestelike oorlog moet ons weet wie die vyand is, waar sy vestings is en watter van daardie vestings ons in Jesus se Naam wil neerwerp. Ons moet geestelik planmatig en doelgerig te werk gaan. Wanneer ons bv. vir ‘n persoon bid wat ongered is, moet ons o.a. vasstel watter vestings van die Bose daar in sy lewe is en watter van daardie vestings die oorheersende is. Dan sal ons weet hoe om te bid.

Beginsel 27: Lofprysing is onontbeerlik in geestelike oorlogvoering. Sonder lofprysing raak ‘n mens neerslagtig en word die Bose en sy werk so ‘n oorweldigende werklikheid dat ons van God vergeet. Lofprysing verdryf die vyand, dit verdryf twyfel, vrees en ‘n oormatige vaskyk teen die Bose. Ons moet ons oë op Jesus hou en Hom loof en *Prys* - Ons moet God verheerlik. Lofprysing maak die gees vry en bring ons opnuut in kontak met die grootheid en majesteit van God.

Beginsel 28: In alle oorlogvoering is daar iets soos *beplande onttrekking.* Dit beteken nie om die aftog te blaas nie. Daar word om baie goeie redes uit die gevegsituasie onttrek. Dit is nodig dat die gelowige homself van tyd tot tyd sal onttrek om te rus, om vakansie te gaan hou, om gemeenskap met die Here te hê (stiltetyd, tye van gebed of vas en bid), om tyd te neem om na liggaam en gees te herstel sodat die geveg daarna weer opnuut aangepak kan word. Uitputting en moegheid maak ‘n mens abnormaal kwesbaar vir Satan se versoekings en aanslae. Wie die reël van beplande onttrekking verontagsaam, probeer bomenslik wees en is gewoon dwaas **(Mark.6:31; 6:46; Luk.5:16; 6:12; Jes.40:31).**

Beginsel 29: *Die Heilige Gees,* sy krag, vervulling, gawes, vrug, verseëling, leiding, oortuiging van sonde, verklaring van die Skrif en intrede by die Vader met onuitspreeklike sugtinge is, onontbeerlik in geestelike oorlogvoering. Sonder die krag, leiding en medewerking van die Heilige Gees is die gelowige magteloos teen die Bose.

Beginsel 30: Gebed is ongetwyfeld een van die belangrikste pilare in geestelike oorlogvoering. Hier praat ons van gebed in al sy vorme: aanbidding, lofprysing, danksegging, sondebelydenis, voorbidding en gebedsoorlogvoering (om vanuit die gesagsposisie die vestings van die Bose te vernietig en sy planne te verbreek).